

Laerskool Kruinsig
Afrikaans Huistaal Gr.5


Datum: 22 November 2018
Eksaminator: A Heydenrych
Moderator:

Tyd: 60 minute

M. Snyman

Instruksies:

- ♥ Skryf netjies en leesbaar.
- ♥ Maak dubbel seker van jou spelling!
- ♥ Beantwoord al die afdelings.
- ♥ Maak seker dat jy die regte leesstuk gebruik.
- ♥ Maak seker jou **NAAM** is op die antwoordblad.



Naam: _____ . Klas 5 _____

Begripslees		Taal		Taal	
Afdeling A	25	Afdeling B	15	Afdeling C	15

LEES DIE ONDERSTAANDE STORIE EN BEANTWOORD DIE VRAE:

Die dag toe ek die hardste in die fliëk gegil het.

1 Ek gril nie toe ek die fliëkplakkaat sien nie. 'n Vuil, kromgetrekte zombiehant wat uit
2 die grond te voorskyn kom. "Daai ding gee my die creeps," sê Mia en staar na die
3 plakkaat. "Ek weet nie of die fliëk so 'n goeie idee was nie, Liza." Dit was háár idee
4 om saam met my broer en sy beste pel te kom fliëk. Ek het haar gewaarsku dat Erik
5 en Amir nie 'n lawwe komedie of 'n oulike animasiefliëk gaan kyk nie. Hulle is albei
6 mal oor grilfliëks. Ek vermoed Mia is mal oor my broer. Dis waarom sy nie wou
7 luister nie. Ons is nie eintlik veronderstel om die fliëk te kyk nie. Volgens die
8 ouderdomsperk is ons nog al vier te jonk daarvoor. Maar die kaalkopman agter die
9 toonbank knip nie 'n oog toe Amir die kaartjies koop nie. En gelukkig is ek nie die
10 soort meisie wat gil as ek 'n grillerige fliëk kyk nie. "Ek sal vir ons koeldrank en
11 springmielies kry," bied ek aan. My broer is altyd bankrot, en die vorige keer toe ek
12 en Mia gaan fliëk het, het sy vir die kaartjies betaal. Ek gril nie toe die man agter die
13 toonbank vir my, my kleingeld gee nie. Maar Mia gril dramaties. "Gross! Het julle
14 daai ou se hand gesien?" vra sy. "Dis in sulke verbande toegedraai en daar's 'n
15 bloedkol op die materiaal!" "Dalk het 'n zombie hom gebyt!" terg Erik. Hy maak 'n
16 zombiegeluid: "Hû-û-û!" Nugter weet waarom enige meisie van my broer sal hou.

(256 woorde) (Jacobs, Jaco. Hoendervleis: Grillerige stories en rympies LAPA Uitgewers.)

BEGRIPSLEES : AFDELING A

Gebruik die leesstuk om die volgende vrae te beantwoord:

Vraag 1

1. Wat was op die fliekplakkaat? (1)

2. Wat is die verteller se naam? (1)

3. Wat is Erik se beste pel se naam? (1)

4. Van watter soort flieks het die seuns baie gehou? (1)

5. Hoekom was hulle nie eintlik veronderstel om daardie fliek te gaan kyk nie? (1)

6. Wat was fout met die ou wat agter die toonbank werk se hand? (1)

7. Gee 'n voorbeeld van klanknabootsing uit reël 16. (1)

8. Wat bedoel die skrywer as sy sê dat haar broer altyd bankrot is?

[8]

Vraag 2

Omkring die regte antwoord:

1. Wat is 'n animasieflik? (reël 6) (1)
 - A. 'n Fliek oor diere.
 - B. 'n Tekenprent
 - C. 'n Fliek sonder klank
 - D. 'n Fliek oor zombies.

2. Gee die betekenis van die uitdrukking: "...die kaalkopman agter die toonbank knip nie 'n oog..." (reël 9 en 10) (1)
- A. Hy sien dit nie raak nie.
B. Dit pla hom glad nie.
C. Hy is blind.
D. Hy kan nie sy oë knip nie.

[2]

Vraag 3

Sê of die volgende stellings **waar of onwaar** is:

- | | | | |
|--|------|--------|-----|
| 1. Die skrywer gril baie maklik. | waar | onwaar | (1) |
| 2. Die skrywer wil baie graag die fliek gaan kyk. | waar | onwaar | (1) |
| 3. Liza is dolverlief op Mia se broer. | waar | onwaar | (1) |
| 4. Die skrywer kan verstaan waarom meisies van haar broer sal hou. | waar | onwaar | (1) |

[4]

Vraag 4

1. Dink jy dit is reg dat kinders na 'n film gaan kyk wat bo hulle ouderdomsbepkering is? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- _____
- _____
2. Hoe moes die kaartjieverkoper eintlik opgetree het toe die kinders die kaartjies by hom gekoop het? (1)
- _____

[3]

Vraag 5

Gee **antonieme** vir die volgende woorde:

1. vuil (reël 1) _____ (1)
2. jonk (reël 8) _____ (1)

Gee **sinonieme** vir die volgende woorde:

3. luister (reël 7) _____ (1)
4. gil (reël 10) _____ (1)

Gee die **verkleining** van die volgende woorde:

5. man (reël 12) _____ (1)
6. bloedkol (reël 15) _____ (1)

[6]

Vraag 6


1. Noem iets wat jou bang maak. (1)

2. Watter tipe flieks kyk jy graag? (1)

[2]

Afdeling A Begripslees Totaal: [25]

TAALSTRUKTURE EN KONFENSIES: AFDELING B



Vraag 1:

Gebruik die volgende sin en beantwoord die vrae:

Mia is mal oor my broer.

1. Skryf die sin in die **verlede tyd**. (1)

2. Skryf die sin in die **ontkenning**. (1)

3. Watter **tipe sin** is dit? (1)

[3]

Vraag 2

Rangskik die name in **alfabetiese volgorde**: (1)

- Mia _____
- Amir _____
- Erik _____
- Liza _____

[1]

Vraag 3

Vervang die woorde in **hakies** met **een woord**.

1. Die kinders het altyd (in die aand) gaan fiek. _____ (1)
2. Dit is beter om grillerige fiek (in die dag) te kyk. _____ (1)
3. Hulle kry (elke maand) sakgeld. _____ (1)

4. Skryf die **byvoeglike naamwoorde** in die volgende sin neer:

**Ek het haar gewaarsku dat Erik en Amir nie 'n lawwe komedie of 'n
oulike animasiefiek gaan kyk nie.** (reëls 4 en 5) (2)

5. Vul die ontbrekende **trappe van vergelyking** in: (1)

vuil (reël 1) _____ (1)

[7]

Vraag 4

1. Skryf die **telwoord** in reël 8 neer. (1)

[1]

Vraag 5

Vul die regte **voorsetsels** in:

1. Haar ma sal _____ haar raas omdat sy die fiek gaan kyk het. (1)
2. Mia is verlief _____ Eric. (1)
3. Hulle kyk _____ die grillerige plakkaat. (1)

[3]

Afdeling B: Taalstrukture en Konvensies Totaal 15

Lees die leesstuk en beantwoord die vrae:

Die dag toe ek die hardste in die fliëk gegil het

Deel 2

1 Ons wys ons kaartjies by die deur. Ons kry ons sitplekke. Die fliëk begin. Ek gril nie
2 vir die onheilspellende agtergrondmusiek in die donker teater nie. “Ek is bang.” sê
3 Mia. Sy skuif nader aan Erik. Ek rol net my oë. Ek het al honderde grilfliëks saam
4 met Erik en Amir gekyk. Ná ’n ruk skrik jy nie eintlik meer vir dramatiese vioolmusiek
5 wat voorspel dat daar enige oomblik iets vreeslik gaan gebeur nie. En dáárvan
6 gepraat ... Ek gril nie toe die eerste zombies onverwags op die skerm verskyn nie.
7 Mia gee ’n oorverdowende gil. Sy gryp Erik se hand vas. Sy druk haar kop teen sy
8 skouer. Hierdie keer kan ek sien hoe my broer ook sy oë rol. Ek dink hy wil eerder
9 vir die zombies kyk as om Mia se hand vas te hou. Ek gril dalk ’n kléin bietjie toe die
10 reusagtige skare zombies die kinders in die winkelsentrum vaskeer. Maar ek maak
11 beslis nie tjankgeluidjies en druk my oë toe soos Mia nie. Nee, die eerste keer toe ek
12 régtig gril, is naby die einde van die fliëk. Toe ek my hand in die boks met
13 springmielies steek om die laaste bietjie uit te graawe ... en meteens iets koude en
14 klams raakvat. Ek vries. En frons. ’n Koue rilling kruip stadig oor my arm. Die teater
15 is skemer. Almal om my se oë is vasgenaël op die fliëk. Ek graawe my selfoon uit my
16 jean se sak en skakel dit aan. In die flou liggie van die skerm kan ek dit duidelik
17 tussen my springmielies sien lê. ’n Bloederige vinger. En dít is die oomblik toe ek die
18 hardste van almal in die fliëk gil. (282 woorde)


(Jacobs, Jaco. Hoendervleis: Grillerige stories en rympies LAPA Uitgewers.)

TAAL AFDELING C

Vraag 1

1. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe en dui aan of dit oop of geslote is.
- a) springmielies (reël 17) _____ (1)
- b) vinger (reël 17) _____ (1)

[2]



Vraag 2

1. Maak gebruik van 'n **voegwoord** om die volgende twee sinne een sin te maak.

Ons wys ons kaartjies by die deur. Ons kry ons sitplekke. (reël 1)

_____ (1)

2. Skryf die volgende sin oor in die **indirekte rede**:

“Ek is bang,” sê Mia.

_____ (1)

3. Skryf die volgende sin in die **lydende** vorm:

Sy gryp Erik se hand vas. (reël 7)

_____ (1)

Skryf die volgende sin in die **lydende** vorm:

Skakel jou selfoon aan.

_____ (1)

4. Ontleed die onderstaande sin en dui die **gesegde, onderwerp en voorwerp** aan.

Sy gryp Erik se hand vas. (reël 7)

- a) Gesegde: _____ (1)
c) Onderwerp: _____ (1)
d) Voorwerp: _____ (1)



[7]

Vraag 3

1. Wat is die **intensiewe vorm** van **bang**? (reël 2) _____ (1)
2. Wat is die **agtervoegsel** in **grilfliks** (reël 3) _____ (1)
3. Soek 'n **samestelling** in **reël 1**. _____ (1)
4. Watter tipe **bywoord** is **hardste** in reël 18? _____ (1)
5. Wat is die **werkwoord** in die onderstaande sin?
Mia gee 'n oorverdowende gil. (reël 7) _____ (1)
6. Wat is die versamelnaam in reël 10? _____ (1)

[6]

Totaal 15